# SCHOEMANSDAL: VAN VOORTREKKERVOORPOS TOT VOLKSFEESTERREIN

*O.J.O. Ferreira*

Aan die voet van die Soutpansbergreeks, ongeveer sestien kilometer wes van Louis Trichardt, is daar 'n gelyktetjie wat vandag begroei is met wag-'n-bietjie-en hier en daar soetdoring- en seringbome. Daartussen probeer 'n granaatlaninkie hard om homself te laat geld as laaste lewende oorblyfsel van 'n vroeëre Voortrekkervoorpos, want dit was op hierdie terrein waar die Voortrekkers hul derde dorp in die Oor-Vaalse gebied aangelê het.

## STIGTING

Louis Trichardt en sy trekgeselskap moet as die Blanke baanbrekers van die noordelike Transvaal beskou word, want reeds in 1836 het hulle tot aan die Soutpansberg deurgedring. In die winter van 1836 het A.H. Potgieter met 'n patrollie uit die Vrystaatse treklaers 'n besoek aan Soutpansberg gebring. Die landstreek moes 'n besonder goeie indruk op Potgieter gemaak het, want saam met Trichardt het hy reeds by dié geleentheid 'n standplaas vir 'n nuwe dorp uitgesoek voordat hy na die Vrystaat teruggekeer het om sy trekgeselskap te gaan haal om by dié van Trichardt aan te sluit.[1] Intussen het die Matebele Potgieter se volgelinge soveel las gegee dat hulle eers gestraf moes word en daardeur is Potgieter se vertrek na die noorde aansienlik vertraag. Trichardt het later moedeloos geword en besluit om na Delagoabaai te trek. Die gevolg hiervan was dat die beoogde dorp aan die voet van die Soutpansberg eers meer as 'n dekade later 'n werklikheid sou word.[2]

Verskeie faktore was daarvoor verantwoordelik dat daar wel 'n dorp aan die voet van die Soutpansberg gestig is. Een van die vernaamste direkte redes was waarskynlik die ongesondheid van die Ohrigstadomgewing wat Potgieter en sy volgelinge feitlik verplig het om elders 'n heenkome te vind. Daarbenewens het Potgieter 'n geskil met die Volksraadsparty oor die kwessie van 'n geskikte regeringsvorm gehad en was die gemeenskap dus in twee kampe verdeel. By Potgieter was die drang ook baie sterk om van die 25ste graad suiderbreedte weg te kom omdat die Engelse hulle aangematig het om die gebied ten suide daarvan as hulle invloedsfeer te beskou. Daarby moet nog gevoeg word die strewe van die Voortrekkers na 'n meer noordelike roete na die Mosambiekse hawe Inhambane. Hieruit moet nie afgelei word dat die pioniers van Soutpansberg na isolasie gestreef het nie, maar wel dat hulle vryer verbinding met die groot buitewêreld begeer het. Die pragtige omgewing, vrugbare grond en volop wild was ongetwyfeld ander faktore wat die Trekkers beïnvloed het om 'n dorp aan die voet van die Soutpansberg aan te lê. Dat die Blankes 'n dorp gestig het en nie maar sommer verspreid gewoon het nie, moet aan hulle vrees vir die vyandiggesinde Swartes in die onmiddellike omgewing en aan hulle behoefte aan wedersydse beskerming toegeskryf word.[3]

Die georganiseerde trek van Ohrigstad na Soutpansberg het aanvanklik onder die persoonlike leiding van A.H. Potgieter plaasgevind, maar onderweg het hy tyding gekry dat hy na Potchefstroom moes gaan om met kmdt.-genl. A.W.J. Pretorius te onderhandel en het die trek verder onder aanvoering van Jan Valentyn Botha plaasgevind. Op 3 Mei 1848 het die wittentwaens by Soutpansberg aangekom. Onder die eerste gesinne wat hulle daar gevestig het, was die Potgieters, die Bothas, die Duvenages, die Nels, die Wolhuters, die Breeds, die Groblers en die Van Stadens. Uiteindelik het die totale Blanke bevolking by benadering op 1 800 te staan gekom, waarvan ongeveer 300 weerbare mans was.[4]

## NAAMGEWING

Aanvanklik het die nuutgestigte dorp geen bepaalde naam gedra nie, maar terwyl kmdt.-genl. A.H. Potgieter nog die leier van die gemeenskap was, is meestal daarna verwys as Oude Dorp.[5] Na rype oorweging is eenparig besluit om die dorp Soutpansbergdorp te noem omdat daar so 'n ryk soutpan ten noorde van die bergreeks se westelike punt en ongeveer 88 km van die huidige Louis Trichardt geleë is. Die dorp het 'n geruime tyd die naam Soutpansbergdorp, of sommer net Soutpansberg, gedra. Later het vk. J.V. Botha voorgestel dat die dorp na hom vernoem moes word, aangesien Potgieter reeds in Potchefstroom vernoem was, maar Potgieter was nie daarvoor te vinde nie.[6] Nadat Stephanus Schoeman in 1855 in die plek van die gesneuwelde kmdt.-genl. P.J. Potgieter tot kommandant-generaal van Soutpansberg verkies is, het hy die dorpie Schoemansdal verdoop "om bevrediging aan sy eersug te gee". Sommige Potgieter-ondersteuners was glo daarteen gekant, maar as die tydelike groei en vooruitgang van Schoemansdal in aanmerking geneem word, het Schoeman hierdie eer verdien. Moontlik was die herdoping van Soutpansberg tot Schoemansdal 'n rampspoedige daad, want die

1. D.W. KRÜGER, Die vestiging van die Blanke beskawing in Noordoos-Transvaal, *Die Burger*, 9.1.1937; J.B. DE VAAL, Schoemansdal — standplaas van die Voortrekkers, *Die Transvaler*, 21.12.1946.
2. O.J.O. FERREIRA, Schoemansdal: vergane Voortrekkervoorpos, *Die Taalgenoot*, Februarie 1973, p.6.
3. H.J. DE JAGER, Schoemansdal: verste voorpos van Boerebeskawing, *Fleur*, Mei 1948, p.9; H.J. GROBLER, Storie van 'n vergane Voortrekkerdorp, *Die Brandwag*, 24.12.1919, p.219; KRÜGER, *op. cit.* A vanished Transvaal town, *The Star*, 5.1.1924.
4. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (T.A.), A.81 J. de S.R. Montanha-aanwins: Verslag van pater J. de S.R. Montanha oor besoek aan Soutpansberg, 1855—1856, p.93; FEUILLETON (*pseud.*), Schoemansdal en sy kerkhof, *Die Vaderland*, 15.3.1929; J.B. DE VAAL, Schoemansdal, die verlate Voortrekkerdorp in die Zoutpansberg, *Die Naweek* 8(35), 10.6.1948, p.22; H.J. GROBLER, 'n Vergane Voortrekkersdorp, *Die Vaderland*, 6.9.1929.
5. W.L. MAREE, *Lig in Soutpansberg: die sendingwerk van die Nederduitse gereformeerde kerk in Noord-Transvaal, 1863—1963* (Pretoria, 1962), p.39; DE JAGER, *op. cit.* p.9; S.S. MANSVELT, Schoemansdal — eers 'n bloeiende Voortrekkerdorp nou 'n volksfeesterrein, *Die Huisgenoot*, 20.11.1942, p.19.
6. J.B. DE VAAL, Schoemansdal, die verlate Voortrekkerdorp in die Zoutpansberg, *Die Naweek* 8(35), 10.6.1948, p.23; J.B. DE VAAL, Schoemansdal — standplaas van die Voortrekkers, *Die Transvaler*, 21.12.1946; C.R. DE W. VAN WYK, Die sout van Soutpansberg, *Die Brandwag*, 1.9.1952, p.24; H.J. GROBLER, Storie van 'n vergane Voortrekkerdorp, *Die Brandwag*, 24.12.1919, p.218.

dorp se geskiedenis was daarna haas net so stormagtig as die lewe van Schoeman self.[7]

## DORPSUITLEG

Met die aankoms van die Blankes aan die voet van die Soutpansberg was die omgewing woes en vol vyandige Swartes, sodat hulle verplig was om hul waens aanvanklik in 'n laer te trek en met afgekapte doringboomtakke te versterk. Namate die gemeenskap gevestig geraak het, het elkeen sy huis gebou net waar hy wou, sodat 'n dorpie sonder enige vaste plan geleidelik ontstaan het.[8] Hieraan sou egter spoedig 'n einde kom nadat Stephanus Schoeman op 19 Februarie 1855 tot kommandant-generaal van Soutpansberg verkies is in die plek van kmdt.-genl. P.J. Potgieter wat op 6 November 1854 by Makapaan (Mokopane) se grot gesneuwel het.[9] Schoeman het naamlik reeds op 27 Februarie 1855 'n openbare byeenkoms belê "ten einde zodanige middelen of plannen te beramen ter verbetering van het Dorpe". Op die vergadering is onder meer besluit dat elke eienaar van 'n erf binne drie maande 'n huis op die betrokke erf moes laat bou.[10] Spoedig daarna sou daar ook ander reëls en regulasies vasgestel word.

In opdrag van kmdt.-genl. Schoeman en landdros Abraham Duvenage is die dorpie nog in dieselfde jaar in reghoekige erwe uitgemeet met strate wat van oos na wes en van suid na noord geloop het en ongeveer twaalf meter breed was. Verder is bepaal dat elke erf behoorlik omhein moes wees, dat varke nie in die strate mog ronddwaal nie, dat geen vee sonder 'n wagter in die strate toegelaat sou word nie, dat straatpret na sononder gestaak moes word en dat die dorpbewoners nie hulle vuilgoed in die strate mog gooi nie. Dit alles het daartoe bygedra dat Schoemansdal 'n mooi, aangename, vriendelike en tevrede dorp was wat 'n goeie indruk op die besoeker gemaak het.[11]

*Kmdt.-genl. Stephanus Schoeman (1810—1890), na wie Schoemansdal vernoem is. Hierdie foto is verkry van 'n afstammeling van Schoeman en word, sover bekend, hier vir die eerste keer gepubliseer.*
*FOTO: Mev. H.C. van Niekerk, Monumentpark, Pretoria.*



Ongeveer honderd meter van die begraafplaas kronkel 'n spruitjie in 'n westelike rigting verby. Destyds het hierdie spruitjie 'n standhoudende vloei gehad, sodat 'n watervoor vanaf die noordelike wal daarvan na die dorp gegraaf en 'n vrugbare lap aarde op dié wyse onder besproeiing gebring is. Langs al die strate het die water in oop kanale of vore gevloei sodat elke erf natgelei kon word. Die vloei van die water was so sterk dat daar selfs 'n watermeule op die dorp opgerig kon word. Die verdeling van water het op Schoemansdal, soos elders, probleme veroorsaak sodat kmdt.-genl. Stephanus Schoeman dit wys geag het om Nicolaas Snyman in Februarie 1855 as die eerste waterfiskaal van die dorp aan te wys.[12]

In die middel van Schoemansdal was daar 'n skans waarvan die fondament vandag nog duidelik sigbaar is. Dit was 'n vierkantige struktuur, ongeveer 75 by 75 meter, met vierkantige uitbousels op die teenoorstaande hoeke om die ander hoeke te bestryk, volgens die fortargitektuur van dié tyd en is deur Abraham Duvenhage, N.J. Grobler en Jan Vercuiel gebou. Onder langs die rivier is 'n tweede skansfort gebou waar die vroue en kinders in tyd van nood skuiling kon gaan soek.[13]

Op Schoemansdal, soos op ander plekke, was 'n gevangenis een van die eerste geboue waarvoor voorsiening gemaak is. Reeds op 3 Oktober 1855 is op 'n publieke byeenkoms 'n besluit in dié verband geneem. Die regspleging was in die hande van die Hof van Landdros en Heemrade. Veral die landdros het 'n besondere posisie in die gemeenskap beklee en dié waardige pos is onder andere deur manne soos Abraham Duvenage, Jan Vercuiel, J.H. Jacobs en R.A. van Nispen gevul.[14]

## LEWENSWYSE

Teen ongeveer 1855, toe Schoemansdal sy bloeityd beleef het, was daar nagenoeg 278 huise op die dorp. Die eerste huise wat opgerig is, was feitlik sonder uitsondering 'paalhuise' waarvan die mure uit riete en latte met klei gepleister, bestaan het, terwyl die dakke met gras

7. A.D. PONT, *Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835—1892* (Utrecht, 1955), p.54; E.H. HUDSON, *Die Geskiedenis van die onderwys in die gebied Zoutpansberg met verwysing na die maatskaplike verband* (D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1948), p.38; D. MÖLLER-MALAN, Die donker Soutpansberg, *Historia* 2(1), Junie 1957, p.44; G.S. PRELLER, *Oorlogsoormag en ander sketse en verhale* (Kaapstad, 1923), pp.207—208 en 211.
8. H.J. GROBLER, Storie van 'n vergane Voortrekkerdorp, *Die Brandwag*, 24.12.1919, p.218; J.B. DE VAAL, Schoemansdal — standplaas van die Voortrekkers, *Die Transvaler*, 21.12.1946.
9. T.A., S.S. 7 Staatsekretaris, inkomende stukke Nov. 1854 — Junie 1855: R. 765/55 Notule van publieke byeenkoms, Soutpansberg, 19.2.1855.
10. T.A., S.S. 7: R. 774/55 Verslag van publieke byeenkoms, Soutpansberg, 27.2.1855.
11. T.A., A. 81, pp.99—101; J.B. DE VAAL, Schoemansdal, die verlate Voortrekkerdorp in die Zoutpansberg, *Die Naweek* 8 (35), 10.6.1948, p.23; FERREIRA, *op. cit.*pp.6—7.
12. T.A., A.81, pp.99—100; J.B. DE VAAL, Schoemansdal, die verlate Voortrekkerdorp in die Zoutpansberg, *Die Naweek* 8 (35), 10.6.1948, p.22; J.A. BRUYNS, 'n Verdwynende Voortrekkersdorp, *Koningsbode*, Desember 1932, p.31; T.A., S.S.7: R.765/55 Notule van publieke byeenkoms, Soutpansberg, 19.2.1855.
13. G.S. PRELLER, Schoemansdal en sij kerkhof, *Die Brandwag*, 25.1.1921, p.215; FEUILLETON (*pseud.*), *op. cit.*, p.6.
14. S.P. ENGELBRECHT, Schoemansdal, *Die Volkstem*, 15.12.1927; FERREIRA, *op. cit;* p.6.

of strooi gedek is. Ietwat later het ook klei-, rousteen- en baksteenhuise hulle verskyning gemaak. Die huise was feitlik deur die bank klein, laag en onaansienlik. Sommige huise het geen binnemure gehad nie, maar alleen 'n afskorting vir die hoofledekant. Daar bestaan getuienis dat in sommige gevalle van twee tot vier gesinne in een so 'n huis gewoon het. Ná 1856 het dit egter mode geword om wel die huise van binne in afsonderlike vertrekke te verdeel. In die ouer huise het die vensters bestaan uit klein openinge wat met sak of hortjies afgesluit is, maar geleidelik het glasvensters ook hulle verskyning op Schoemansdal gemaak. Behalwe die eenvoudige wonings was daar ook 'n viertal deftiger huise. So het kmdt.-genl. Schoeman byvoorbeeld in 1856 vir hom 'n huis laat bou wat geverf was en waarvan die mure met plakpapier uitgeplak was — 'n seldsaamheid vir daardie dae. Ook toon 'n behoue sketsie van die pastorie dat Schoemansdal 'n aantal goeie en stewige huise moes gehad het.[15] Op die terrein kan vandag nog blou porseleinskerwe opgetel word: 'n stille bewys dat die Voortrekkervrou haar sin vir die estetiese behou het ten spyte van haar ontberings op die trekpad.

'n Besonder waardevolle en interessante beskrywing van die Blanke-nedersetting aan die Soutpansberg is ons nagelaat deur pater Joaquim de Santa Rita Montanha, 'n Rooms-Katolieke priester wat die gebied gedurende 1855—1856 besoek het om 'n handelsverdrag met die Boere te sluit. Sy verslag bevat noukeurige waarnemings omtrent die Boere se lewenswyse en gebruike. So verhaal hy byvoorbeeld dat Nuwejaar vir die Schoemansdallers 'n baie belangrike dag was; 'n algemene feesdag waarop elkeen sy beste klere aangetrek en in die strate versamel het om van dagbreek tot die skemer daal te sing en te speel. Vreugdeskote is afgevuur en by elke huis is om 'n sopie aangeklop. Die strenge onderhouding van die Sabbat het vader Montanha ook grootliks beïndruk. By bruilofsfeeste het die Schoemansdallers se vrolikheid van hart tot uiting gekom in hul deurnagdanse op maat van die viool met die Skotse riel en die ouderwetse Engelse kontradans as die gewildste passies. Hul belangrikste tydverdrywe was kaartspeel en kuier, terwyl hulle heeldag koffie gedrink het.[16]

## LANDBOU EN BEDRYWE

Omdat die grond in die omgewing van Schoemansdal baie vrugbaar en water baie volop was, is dit feitlik vanselfsprekend dat die Boere spoedig elkeen sy eie tuintjie en lappie graan aan die gang gehad het. 'n Algemene gesegde was dat die Voortrekker met sy Bybel, wingerdstok en vyeboom die binneland ingetrek het. Wat Schoemansdal betref, was daar na enkele jare reeds perske-, vye-, appel-, lemoen-, suurlemoen-, pampelmoes-, amandel-, kweper-, mispel-, appelkoos-, piesang- en kastaiingbome en enkele wingerde, terwyl ook koring, gars, boontjies, ertjies, mielies en manna op die lande gestaan het.[17]

Hoewel die mans hulle merendeels met die landbou en jag besig gehou het, was daar ook dié wat bedrewe was as timmermans, messelaars, skoenmakers, leerlooiers, smede en saalmakers. Schoemansdal het ook oor die dienste van 'n eie wamaker beskik in die persoon van Louw Erasmus, terwyl kmdt.-genl. A.H. Potgieter 'n smidswinkel op die dorp gehad het waarin hy die dorpskinders dikwels op snoeperye trakteer het. Volgens vader Montanha het die vrouens al hulle huiswerk self gedoen en was hulle ook bedrewe kleremaaksters.[18]


## HANDEL

Gedurende die vyftigerjare van die vorige eeu was Schoemansdal waarskynlik die belangrikste handelsentrum in die Oor-Vaalse gebied en is hierdie florerende dorp gereeld deur smouse uit Natal, die Kaapkolonie en Mosambiek besoek. Een van die eerste handelaars wat Soutpansberg besoek het, was Henry Hartley van Grahamstad. Hy is spoedig gevolg deur J. Fleetwood Churchill. In teenstelling met die smouse uit die suide wat met ossewaens gereis het, het die Portugese smouse van Delagoabaai te voet met eeue-oue handelsvoetpaaie oor die haas onoorkombare Drakens- en Lebomboberge gekom. Een van hulle, Dioleciano Fernandes das Neves, het byvoorbeeld in 1860 'n jag- en handelstog na Soutpansberg onderneem met 'n geselskap van nie minder as 253 persone nie, waarvan 120 draers was. Die belangrikste handelsartikels wat die smouse met hulle saamgebring het, was kruit, lood, tin, lont, jaggewere, olieverf, teer, gereedskap, koffie, suiker, tee, rys, eetgerei, medisyne, jenewer, klerasie en rolle materiaal — veral geblomde sis en ongebleikte linne.

Die Boere se ruilmiddels, daarenteen, was ivoor, renosterhorings, seekoeitande, velle, rieme, gelooide leer, stroppe, swepe, sambokke, rou katoen, gedroogde vrugte, brandewyn, sout en matte, kaffermandjies en ander artikels wat deur Swartes vervaardig is. Die naburige houtbosse het 'n verskeidenheid baie mooi en goeie houtsoorte opgelewer waarvan balke en planke gesaag is om aan handelaars te verkoop. Die smouse is nie deur die Soutpansbergers as vreemdelinge behandel nie, maar veel eerder as vriende en weldoeners. Die smous was nie alleen die verskaffer van die noodsaaklikste lewensmiddele nie, maar was ook een van die belangrikste nuusbronne en skakels met die buitewêreld, want 'n gereelde maandelikse posdiens na die res van die Oor-Vaalse gebied is eers op 3 Oktober 1855 deur kmdt.-genl. Stephanus Schoeman ingestel.[19]

Benewens die periodieke besoeke van smouse het Schoemansdal ook sy eie permanente handelaars gehad soos byvoorbeeld Joao Albasini, August Landsberg, Dietlof Siegfried Maré, Augusto de Carvalho, L.M. Nunes, Antonio de Paiva Rapozo, Antonie Fick, Murphy, Cassimo Gamaal ('n Indiër) en Casimiro Simoens ('n Goanees) met Braz Piedade Pereira as sy klerk. Hierdie handelaars het almal goeie sake gedoen tydens die bloeitydperk van Schoemansdal en hoewel 'n hele aantal van hulle van Portugese herkoms was, het hulle gesiene lede van die Boeregemeenskap geword — danksy ook hulle huwelike met Boeredogters. Veral Joao Albasini was nou

15. T.A., A.81, p.100; MANSVELT, *op. cit.*, p.19; H.J. GROBLER, Storie van 'n vergane Voortrekkerdorp, *Die Brandwag*, 24.12.1919, p.218; T.A., A.17 J.F. Churchill-aanwins: Beskrywing van besoek aan Soutpansberg 1856—1857, p.12.
16. T.A., A.81, pp.52—53 en 101; MANSVELT, *op. cit.*, p.19.
17. T.A., A.81, pp.5, 8, 34—35 en 94; J.B. DE VAAL, Schoemansdal — standplaas van die Voortrekkers, *Die Transvaler*, 21.12.1946; J.C. VAN PLETSEN, Schoemansdal — Voortrekker outpost of a century ago, *Journal of the Institute of bankers in South Africa* 46, July 1949, p.151.
18. T.A., A.81, pp.100—101; H.J. GROBLER, Storie van 'n vergane Voortrekkerdorp, *Die Brandwag*, 24.12.1919, p.219.
19. T.A., A.81, p.94; J.B. DE VAAL, Ivoorsmouse in Schoemansdal, *Die Naweek*, 8(38), 24.6.1948, pp.6—7; J.B. DE VAAL, Schoemansdal — standplaas van die Voortrekkers, *Die Transvaler*, 21.12.1946; H.J. GROBLER, 'n Vergane Voortrekkersdorp, *Die Vaderland*, 6.9.1929; P.J.H.S. GROBLER, *Die geskiedenis van die poswese van die Suid-Afrikaanse Republiek* (D. Phil.-proefskrif, Unisa, 1956), pp.29—31; S.S.8 Staatsekretaris, inkomende stukke Julie — Des. 1855: R.913/55 Notule van publieke byeenkoms, Soutpansberg, 3.10.1855.



*'n Oortekening van die kerk op Schoemansdal gebaseer op 'n skets deur Paul Maré wat as sewentienjarige seun op dié dorp gewoon het. In die agtergrond is die woonhuis van Cornelis van Boeschoten en die tent langs die kerk het aan Hans Klopper behoort.*

*SKETS: A.G. Oberholster.*

verbonde aan die geskiedenis van Schoemansdal en sy inwoners en het as Portugese vise-konsul die vernaamste skakel tussen die Boere van Soutpansberg en die Portugese van Mosambiek gevorm.[20]

Op die markplein van Schoemansdal het die olifantjagters elke jaar gedurende September en Oktober hulle jagbuit ten toon gestel, en het die ivoorsmouse teen mekaar gebie om die besit daarvan. Was die jagters egter nie met die aangebode pryse tevrede nie, het hulle die ivoor self na die kus geneem en daar verhandel. J. Fleetwood Churchill getuig dat hy op Schoemansdal meer ivoor bymekaar gesien het as op enige ander plek en dat die grootste tand 58 kg gemeet het. Volgens hom is daar gedurende 1856 nagenoeg 1 000 olifante in Soutpansberg geskiet. Albasini, self grootwildjagter en ivoorhandelaar, het bereken dat daar jaarliks tussen 70 000 en 80 000 kg ivoor ter waarde van £120 000 na Natal en die Kaapkolonie uitgevoer is, terwyl daarby nog die hoeveelheid gevoeg moet word wat hul weg na Mosambiek gevind het. Die prys van ivoor het gewissel van 4/6 tot £1 per pond, afhangende van die vraag en aanbod. Nagenoeg 10 300 kg kruit en ongeveer 1 800 kg lood is jaarliks tydens olifantjagtogte gebruik. Die ivoorjagters het ryk, sommiges skatryk, geword sodat hulle gemaksugtig geword en Swartes as jagters uitgestuur het, terwyl hulself tuis gebly het. Die feit dat die Blankes vir hierdie doel gewere en ammunisie aan die Swartes beskikbaar gestel het, sou hulle later baie duur te staan kom.[21]

Benewens ivoor was daar ook ander handelsware in die omgewing van Schoemansdal beskikbaar. Kmdt.-genl. Stephanus Schoeman het byvoorbeeld landdros Abraham Duvenage versoek om 'n kommissie na die nabygeleë kopermyne te stuur, terwyl 'n groot hoeveelheid sout van goeie gehalte uit die soutpan ten noorde van die Soutpansbergreeks verkry is. By Piesangkop was daar 'n loodmyn wat aan Joao Albasini behoort het.[22]

## GODSDIENS EN ONDERWYS

Hoewel daar aanvanklik geen vaste predikant op Schoemansdal was nie, was hierdie mense baie nougeset wat die heiliging van die Sabbat betref en het manne soos A.H. Potgieter, D.G. Grobler, Abraham Duvenage en Jacobus Nel gereeld as voorgangers by godsdienstige byeenkomste opgetree. Die eerste predikante wat die streek besoek het, was di. A. Murray en J.H. Neethling en wel in 1852 toe Soutpansberg nog 'n wyk van die Gemeente Magaliesberg (Rustenburg) was. Daarna volg ds. Dirk van der Hoff in 1854, ds. D.P.M. Huet in 1858, in 1859 weer ds. Van der Hoff, in 1861 ds. A.J. Begemann, in

20. J.B. DE VAAL, Schoemansdal, die verlate Voortrekkerdorp in die Zoutpansberg, *Die Naweek* 8(35), 10.6.1948, p.23; H.J. GROBLER, Storie van 'n vergane Voortrekkerdorp, *Die Brandwag*, 24.12.1919, p.221; G. FOURIE, Die wildernis wen, *Die Brandwag*, 23.7.1948, p.14.
21. T.A., A.81, p.94; A.17, pp.12–13; G.S. PRELLER, Stigting en verwoesting van Schoemansdal, *Die Vaderland*, 13.12.1940; G.S. PRELLER, Schoemansdal en sij kerkhof, *Die Brandwag*, 25.1.1921, p.215; J.B. DE VAAL, Ivoorsmouse in Schoemansdal, *Die Naweek* 8(38), 24.6.1948, p.7; BRUYNS, *op. cit.*, p.32; A vanished Transvaal town, *The Star*, 5.1.1924.
22. T.A., S.S.7: R.827/55 A. Duvenage – S. Schoeman, 1.6.1855; R.851/55 A. Duvenage – S. Schoeman, 26.6.1855; S.S.11 Staatsekretaris, inkomende stukke Jan. – Junie 1856: R.997/56 A. Duvenage – S. Schoeman, 6.3.1856; T.A., A.81, p.95.

1862 ds. G.W. Smits en in 1863 weer ds. Begemann. In 1864 is ds. N.J. van Warmelo as eerste leraar van die dorp beroep en op 30 Julie 1864 aldaar bevestig in die teenwoordigheid van 'n groot skare, onder wie ook pres. M.W. Pretorius en lede van die Uitvoerende Raad. Die gemeenskap van Schoemansdal sou geestelik baie armer gewees het as dit nie was vir die teenwoordigheid van ds. en mev. Van Warmelo nie. Op sy beurt het ds. Van Warmelo groot waardering vir die Schoemansdallers se nartlikheid, gasvryheid, dankbaarheid en erkentlikheid gehad.[23]

Die fondament van Schoemansdal se kerk is vandag nog duidelik te sien en word tydens Geloftefeesvierings as verhoog gebruik. Die kerk is in 1856 gebou en was ongeveer agt meter wyd en vyftien meter lank. Dit was 'n baksteengebou met vier deure — een op elke sy — en agt vensters — vier aan die noorde- en vier aan die suidekant. 'n Strooidak, omlysting om die deure en vensters en 'n losstaande kerkklok het die uiterlike prentjie voltooi. Daar was 'n tyd toe die kerk op Schoemansdal reeds oor 'n orrel beskik het, terwyl die Pretorianers tydens gemeentelike sang nog op die dienste van 'n voorsinger aangewys was. Vir die Nagmaalviering het die boere van die omgewing na Schoemansdal gekom met hulle ossewaens en op die plein rondom die kerk uitgespan, sodat daar somtyds tot honderd waens gestaan het.[24]

Met die onderwys het dit gedurende die beginjare op Schoemansdal baie moeilik gegaan. Jacobus Nel het wel 'n tyd lank as onderwyser opgetree en Jan Helberg het ook 'n bietjie aandag aan die onderwys van die kinders bestee, maar van formele onderrig was daar weinig sprake. Tydens ds. D.P.M. Huet se besoek aan Schoemansdal in 1858 het hy daagliks vir tussen 50 en 60 kinders in die kerkgebou skoolgehou om hulle op hierdie manier vir die aanneming touwys te maak. Met sy aankoms in 1864 in Soutpansberg as vaste predikant het ds. N.J. van Warmelo dadelik die erns van die saak besef en gedurende die vroeë oggendure op die eerste dae van die week vir die kinders van die dorp in die kerk skoolgehou, terwyl sy eggenote Vrydagmiddae vir die jong dogters naaldwerkklasse gegee het. In 1866 het ds. Van Warmelo aan die President en lede van die Uitvoerende Raad gevra om 'n goewermentskool op Schoemansdal te stig. Die versoek is toegestaan en in Cornelis van Boeschoten het hy 'n ywerige jong onderwyser gevind wat "een schoolmeester in den vollen zin van het woord was" en teen die einde van daardie jaar reeds 26 kinders onderrig het.[25]

*'n Skets deur Paul Maré van die pastorie van ds. N.J. van Warmelo op Schoemansdal.*

*FOTO: Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria.*



## SIEKTE EN DOOD

Schoemansdal het aanvanklik nie oor die dienste van 'n geneesheer beskik nie en die gevreesde malaria het baie slagoffers geëis. Die koors was in 1852 besonder straf sodat die meeste mense om gesondheidsredes tydelik vir twee of drie weke na 'n plek ongeveer 30 km suid van die dorp, die sogenaamde Kerkbult, getrek het. Na hierdie trek het die siekte aansienlik afgeneem en was dit nooit weer so straf nie. Die meeste Schoemansdallers het huisapteke gehad en elkeen het so iets van die behandeling van die mees algemene siektes verstaan. Christiaan Rabe, kmdt.-genl. A.H. Potgieter se bekwame sekretaris, en Antonie Fick, die winkelier, het egter besondere aanleg gehad om siekes weer gesond te dokter. Gedurende die laaste jare van die dorp se bestaan het Marthinus G. Eyssel, 'n jong Nederlandse geneesheer, hom op Schoemansdal gevestig en die lyding van die pionier-gemeenskap as gevolg van malaria aansienlik versag. Hy het ook as apteker opgetree en het glo 'n besondere behendigheid met die draai van pille gehad.[26]

As gevolg van malaria was die sterftesyfer onder die Schoemansdallers besonder hoog; daarvan getuig die nagenoeg 150 hopies ronde klippe binne 'n ringmuur van 50 by 100 meter. In hierdie begraafplaas rus ook die stoflike oorskot van kmdt.-genl. A.H. Potgieter en sy derde eggenote. Hy is op 16 Desember 1852 oorlede nadat hy van 'n suksesvolle veldtog teen Sekwati, die leier van die Bapedi, teruggekeer en siek geword het. Augusto de Carvalho, die vernaamste Portugese handelaar op Schoemansdal, is tydens die groot koors oorlede en, nieteenstaande die feit dat hy 'n Rooms-Katoliek was, lê hy tog tussen die Boeremense begrawe. Op 28 Januarie 1865 is mev. (ds.) N.J. van Warmelo onverwags op nege-en-twintigjarige leeftyd oorlede. Háár stoflike oorskot, sowel as dié van mev. C. van Boeschoten, rus ook in die begraafplaas van die verlate Voortrekkerdorp. Ander bekende figure wat hier begrawe is, sluit in Antonie Fick, August Landsberg, kmdt. Stephanus van Rensburg, vk. J.V. Bot' a en vk. Pieter Eloff. Danksy die bygelowigheid van die Swartes is die begraafplaas ongeskonde gelaat toe hulle Schoemansdal verwoes het.[27]

## ONTRUIMING

Toe die trekgeselskap van Potgieter in 1848 in Soutpansberg aangekom het, was die Bavenda 'n klein

23. T.A., A.81, p.37; ENGELBRECHT, *op. cit.*; H.J. GROBLER, Storie van 'n vergane Voortrekkerdorp, *Die Brandwag*, 24.1.1919, p.218.
24. T.A., A.81, p.100; DE JAGER, *op. cit.*, pp.11 en 60; ENGELBRECHT, *op. cit.*
25. J.B. DE VAAL, Opvoeding in Schoemansdal 1848—1867, *Historiese studies* 1(2), Sept. 1939, pp.25—26; J.B. DE VAAL, Schoemansdal, die verlate Voortrekkerdorp in die Zoutpansberg, *Die Naweek* 8(35), 10.6.1948, p.25; J.B. DE VAAL, Schoemansdal — standplaas van die Voortrekkers, *Die Transvaler*, 21.12.1946; ENGELBRECHT, *op. cit.*
26. H.J. GROBLER, Storie van 'n vergane Voortrekkerdorp, *Die Brandwag*, 24.12.1919, p.221; VAN PLETSEN, *op. cit.*, p.152; FERREIRA, *op. cit.*, p.7.
27. MANSVELT, *op. cit.*, pp.19 en 29; G.S. PRELLER, Schoemansdal en sij kerkhof, *Die Brandwag*, .25.1.1921, p.216; FERREIRA, *op. cit.*, *p.7.*

stam wat hulle in die ontoeganklike rotsvestings in die berg skuilgehou het, want hulle het nog nie herstel van die plundertogte wat hulle van die Zoeloe en die Bapedi moes verduur nie. Geleidelik het hul getalle egter aangegroei sodat hulle teen 1864 'n bedreiging vir die Blankes geword het — veral ook omdat hulle gewere en ammunisie bekom het deurdat hulle olifantskuts vir die Boere was en smouse uit die "voorste distrikte" die landswette oortree het deur gewere en ammunisie aan die Swartes te verkoop. Nadat die Swartes goed genoeg bewapen was, het hulle eenvoudig geweier om opgaaf te betaal en al meer uitdagend geword sodat 'n reeks voorvalle plaasgevind het wat die hele distrik in beroering gebring het. Aan die begin van 1867 het die onluste in heftigheid toegeneem sodat die Soutpansbergers verplig was om weer in laers saam te trek. Die stat van die Venda-regent Katlagter (alias Katse-Katse) was net bokant Schoemansdal in die Soutpansberg geleë. Hy het die Schoemansdallers opdrag gegee om die dorp te verlaat of anders sou hy hulle laat vermoor. Die Boere het daarop by die regering om hulp aangeklop en na verskeie vrugtelose pogings om 'n kommando op die been te bring, het kmdt.-genl. S.J.P. Kruger eindelik met nagenoeg 400 man in Soutpansberg opgedaag. Die meeste burgers in die ander dele van die Zuid-Afrikaansche Republiek was onwillig om die Soutpansbergers te help omdat hulle van mening was dat die olifantjagters hulself in die moeilikheid laat beland het deur die Swart olifantskuts met hul gewere te vertrou. Daarbenewens was die burgers bang vir die gevreesde malaria.[28]

Slegs één aanval is op enigsins halfhartige wyse op die vesting van Katlagter gedoen. Die Swartes was egter so goed in die kranse, grotte en klowe verskuil dat die Boere nie op hulle kon skiet nie en die aanval moes gestaak word. Op Schoemansdal is daarna 'n krygsraadsitting gehou waartydens, na lange beraadslaging, besluit is om die posisie prys te gee en die dorp te ontruim. Natuurlik kon of wou baie van die inwoners dit nie glo dat hulle die dorp moes verlaat nie, totdat hulle met hul eie oë gesien het hoedat hul dorpsgenote hul huise se deure, vensters en balke uitgeslaan en hulle waens opgepak het om elders 'n heenkome te vind. Op 15 Julie 1867 het die groot uittog plaasgevind en het die Schoemansdallers se waens suidwaarts beweeg in die rigting van Machava, Marabastad, Renosterpoort, Makapaanspoort en selfs Pretoria. Nouliks was die laaste waens weg of die Swartes het op die dorpie afgestorm om dit te plunder en te verwoes. Feitlik geen steen is op 'n ander gelaat nie.[29]

Ds. N.J. van Warmelo het kmdt.-genl. S.J.P. Kruger dit erg verkwalik dat Schoemansdal ontruim is sonder dat die Kerkraad in die saak geken is. In 'n geskrif het hy en sy Kerkraad hierteen by die Uitvoerende Raad geprotesteer. Ook in die pers is kmdt.-genl. Kruger heftig aangeval oor die ontruiming van Schoemansdal en is hy verwyt dat hy, in plaas daarvan om te help, die vooruitstrewende gebied aan die Swartes prysgegee het. Die Volksraad het Kruger egter van alle blaam onthef omdat 'n sameloop van baie onvoorsiene omstandighede, gepaard met verdeeldheid in die Boerelaer, volgens hulle die ontruiming van Schoemansdal genoodsaak het.[30]

Schoemansdal was die eerste en enigste Boeredorp wat in die hande van die Swartes geval het en nooit weer herbou is nie. Die hoofredes hiervoor was die teenwoordigheid van die vyandiggesinde Swartes in die onmiddellike omgewing en die ongesonde ligging van die dorp. Vandag getuig slegs enkele oorblyfsels van fondamente en 'n paar knoesterige vrugtebome van die eerste voorpos van Blanke beskawing in Soutpansberg.

Eers meer as dertig jaar later, in 1898, is 'n nuwe dorp, Louis Trichardt, op die plase Bergvliet en Rietvlei sowat sestien kilometer ten ooste van die Schoemansdalterrein aangelê. Die eerste dorpsbestuur van dié dorp is in 1915 verkies en in 1934 het Louis Trichardt 'n volwaardige stadsraad gekry.[31]

## VOLKSFEESTERREIN

Die gedagte om die geskiedkundige terrein waarop Schoemansdal eens gestaan het vir die volk as 'n feesplek in te rig, het in 1916 by J.R. van Breda ontstaan. Op 15 Desember van die volgende jaar is daar 'n vergadering op die terrein gehou waarop besluit is om jaarliks 'n sentrale fees vir Soutpansberg op hierdie geskiedkundige plek te hou. Die volgende dag is die eerste Dingaansfees (die latere Geloftedag) deur oor die 2 000 mense aldaar bygewoon. Kol. Hendrik Mentz, destyds minister van Lande, was die feesredenaar. Hy is in verband met die aankoop van die grond genader en was dadelik bereid om sy samewerking in dié verband te gee. Deur sy onvermoeide ywer en persoonlike invloed is die Unieregering beweeg om aan die eienaars van die plase Lincoln en York, waarop die Schoemansdal-terrein geleë is, twee ander plase in ruil te gee. Na verdere onderhandelinge het besitreg van genoemde plase na die Departement van Lande oorgegaan en is die reg aan die feeskomitee van Schoemansdal verleen om die grond vir feesdoeleindes te gebruik.[32]

Tans is daar sprake van om 'n restourasieprojek aan te pak waardeur Schoemansdal, een van dié belangrikste plekke in die vroeë Transvaalse geskiedenis, aan die vergetelheid ontruk sal word. Hierdie lofwaardige poging verdien die steun van elke instansie en organisasie wat hom vir die bewaring van ons kultuurerfenis beywer.

28. J.B. DE VAAL, Schoemansdal, die verlate Voortrekkerdorp in die Zoutpansberg, *Die Naweek* 8(35), 10.6.1948; p.25; J.B. DE VAAL, Schoemansdal — standplaas van die Voortrekkers, *Die Transvaler*, 21.12.1946; KRÜGER, *op. cit.*; MANSVELT, *op. cit.*, p.19.
29. G.S. PRELLER, Stigting en verwoesting van Schoemansdal, *Die Vaderland*, 13.12.1940; P. MARÉ, Schoemansdal — het verlaten van die plaats in 1865 (*sic*!), *Die Brandwag*, 15.7. 1912, p.122; J.B. DE VAAL, Schoemansdal — standplaas van die Voortrekkers, *Die Transvaler*, 21.12.1946; DE JAGER, *op. cit.*, p.61; MANSVELT, *op. cit.*, p.19; FOURIE, *op. cit.*, p.14.
30. ENGELBRECHT, *op. cit.*; J.B. DE VAAL, Schoemansdal, die verlate Voortrekkerdorp in Zoutpansberg, *Die Naweek* 8(35), 10.6.1948, p.25; J.B. DE VAAL, Schoemansdal — standplaas van die Voortrekkers, *Die Transvaler*, 21.12.1946.
31. N. WILKEN, Know your district: Soutpansberg, *Famer's Weekly*, 11.9.1957, p.47; H.J. DE JAGER, Louis Trichardt in die ou dae, *Die Huisgenoot*, 25.10.1935, p.30.
32. H.J. DE JAGER en P. DE VAAL (samestellers), *Eeufeesgedenkboek 1848—1948* (s.p., s.j.), p.29; MANSVELT, *op. cit.*, p.29.